

Sasfin Bank Ltd v Hoërskool Cillié
[2005] JOL 13880 (SE)

Reported in (Butterworths)	Not reported in any LexisNexis Butterworths printed series.
Case No:	1937 / 01
Judgment Date(s):	02 / 03 / 2005
Hearing Date(s):	21 / 02 / 2005
Marked as:	Not Reportable
Country:	South Africa
Jurisdiction:	High Court
Division:	South Eastern Cape
Judge:	Jansen J
Bench:	JCH Jansen J
Parties:	Sasfin Bank Ltd (P); Hoërskool Cillié (D)
Appearance:	Adv TW Beckerling SC, Adv DK Nigrini SC, A de Wet, Elmarie Relihan Attorneys (P); Adv HJ van der Linde SC, O Ronaasen, Piet Delpont Attorneys (D)
Categories:	Action – Civil – Substantive – Private
Function:	Confirms Legal Principle

Key Words

Contract – Indemnity clause – Claim of purchase price – Clause interpreted narrowly – Indemnity specifically against financial loss – Claim dismissed

Mini Summary

The plaintiff, a bank, claimed payment from a school, the defendant, for the hire of computer equipment under a credit agreement. The delivery was incomplete and the bank had paid the purchase price in full on the instruction of its representative who liaised with the school. The bank based its claim on an indemnity clause or alternatively on a misrepresentation.

Held that the indemnity clause made it clear that delivery of the equipment had to occur and the school would receive the equipment on behalf of the bank. Without delivery the bank could not become the owner. The bank could not rely on the clause to claim indemnity if the equipment had not been delivered. The clause indemnified the bank against loss and not the purchase price.

Held that the claim in delict could not succeed because the facts showed that the payment was wrongfully made because of the conduct of the bank's agent.

The claim was dismissed with costs.

Page 1 of [2005] JOL 13880 (SE)

JANSEN R: Die eiser is 'n handelsbank behoorlik geregistreer en geïnkorporeer in terme van relevante statute van die Republiek van Suid-Afrika. Die verweerder is 'n openbare skool soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skole Wet 84 van 1996. Gedurende Februarie 2001 het die eiser en die verweerder 'n skriftelike finansiële huurooreenkoms aangegaan. Ingevolge hierdie huurooreenkoms het die eiser, waarna ek hierna bloot sal verwys as "die bank", sekere goedere aan die verweerder, waarna ek hierna bloot sal verwys as "die skool", verhuur. Die bank eis nou betaling van alle gelde verskuldig in terme van die ooreenkoms, in die alternatief skadevergoeding. In die eerste instansie maak die bank staat op die kontraksterme insluitende 'n sogenaamde vensterklousule ("framed clause") waarvolgens die skool die bank sou indemnifiseer teen enige verlies wat die bank mag ly op grond van sekere faktore wat duidelik sal blyk wanneer ek die vensterklousule hieronder aanhaal. Tweedens is die bank se eis gebaseer op 'n wanvoorstelling wat beweer word namens die skool gemaak is ten aansien van die aflewering van die aangekoopte goedere. Hierdie

Page 2 of [2005] JOL 13880 (SE)

alternatiewe skuldoorsaak waarop die bank sy eis baseer is deliktueel. Die skool ontken aanspreeklikheid teenoor die bank. Die skool het vier spesiale pleite geopper asook 'n pleit op die meriete.

Ene James von Wielligh was te alle tersaaklike tye hoof van die skool. Alhoewel sy bevoegdheid om 'n ooreenkoms namens die skool aan te gaan in geskil geplaas is, sal ek vir doeleindes van hierdie uitspraak aanvaar dat hy wel volmag gehad het om die ooreenkoms namens die skool met die bank aan te gaan.

Dit blyk uit die getuienis dat die ouers en die onderwysers van die skool begerig was om 'n rekenaarsentrum by die skool in te rig om die fasiliteite wat die skool vir die leerders kon aanbied te verbreed met betrekking tot rekenaargeletterdheid. Nadat verskeie kwotasies verkry is, is daar deur die skool besluit om die kwotasie van 'n maatskappy, waarna ek bloot sal verwys as DBS, te aanvaar. Daar is besluit dat die goedere benodig vir die rekenaarsentrum by wyse van 'n finansieringshuurkontrak aangeskaf sou word. DBS het verskeie finansieringsondernemings genader. Dit het geblyk dat DBS nie 'n goeie rekord by die bank gehad het nie en die aansoek om finansiering is derhalwe deur die bank afgekeur. Ene Vlok, in diens van DBS, en Carolina Elizabeth van Dyk, wat 'n posbenaming gehad het as "accountant executive" in diens van die bank, na wie gedurende die getuienis verwys is as Liza (ek gaan ook so doen verder in die uitspraak) het mekaar ontmoet. Hulle het 'n afspraak gemaak om die hoof van die skool, mnr Von Wielligh, na wie ek hierna bloot sal verwys as "VW", te ontmoet. Die ontmoeting by die skool het plaasgevind op Vrydag, 16 Februarie 2001. Ene Vreij, die voorsitter van die skool se beheerliggaam, was ook teenwoordig. Hy het 'n magtiging onderteken wat deel uitmaak van die kontrak ter

Page 3 of [2005] JOL 13880 (SE)

sprake wat vir VW gemagtig het om die ooreenkoms aan te gaan namens die skool. Liza het die vergadering ingelig oor die bank se prosedures en spesifiek aan VW meegedeel dat die bank die transaksie sou finansier. Op daardie stadium was daar reeds 'n geskrewe ooreenkoms tussen DBS en die skool, weereens verteenwoordig deur VW, ingevolge waarvan 'n skriftelike kwotasie vir die verskaffing van rekenaartoerusting aan die skool aanvaar is. Dit moet aanvaar word dat op die stadium toe die partye vergader het by die skool VW die bedoeling gehad het om die finansieringskontrak te teken met die artikels gespesifiseer in die ooreenkoms met DBS as die onderwerp van die finansieringskontrak. Dit is gemeensaak dat alle teenwoordiges by die vergadering kennis gedra het van die feit dat geen enkele item van die rekenaartoerusting op daardie stadium reeds aan die skool gelewer is nie. Die serienommers van goedere wat die skool wou huur is ook nie op die kontrak ingevul nie. Ten spyte daarvan het VW, met Liza en Vlok as getuies, 'n sogenaamde "certificate of acceptance", wat deel uitmaak van die skriftelike kontrak, onderteken. Hierdie aanvaardingsklousule lees soos volg:

"User hereby irrevocably declares to hire the goods described in this schedule have:-

- (a) been delivered and installed in accordance with the conditions of the agreement,
- (b) where applicable been subjected to all field operating and/or similar tests which have now been completed and the results are to User's satisfaction,
- (c) been inspected, are new and unused and are in good order and condition, free from defect and ready for use in every respect,

Page 4 of [2005] JOL 13880 (SE)

- (d) been insured in accordance with clause 5.1. of the agreement."

Liza het getuig dat VW die sertifikaat onderteken het omdat hy die versekering by Vlok gekry het dat die skool nie deur Vlok in die steek gelaat sou word nie. VW kon geen verduideliking gee waarom hy die sertifikaat geteken het nie. Liza se getuie nis omtrent die gebeure tydens die ondertekening van die ooreenkoms lees soos volg:

"Goed. Dan volgens die sertifikaat word sekere goed deur die verhuurder verklaar. Nou op daai stadium, u sê u het nog nie die goed gesien nie. Was u bewus daarvan wat die posisie was met betrekking tot lewering daarvan? – Ek het vir mnr Von Wielligh en mnr Frey wel gesê op daardie stadium hulle hoef nie daar te teken nie want die goed is nog nie gelewer nie, en toe het mnr Von Wielligh omgedraai na mnr Vlok toe en gevra 'hoor hier, jy gaan my nie teleurstel nie', of jy weet in Engels 'drop' nie, en toe sê mnr Vlok hy gaan nie. En so het hulle dan daai paragraaf ook geteken.

Nou het u enigsins vir hulle gesê wat die posisie sou wees as hulle dit nie teken op daai datum nie? – Nee. As hulle dit nie teken nie dan word die kontrak in PE gebly tot die goedere dan daar is en dan kan hulle die kontrak teken.

En wat word in so 'n geval van die uitbetaling? – Daar word geen uitbetaling gedoen alvorens die goed afgelewer is en ons 'n 'invoice' van die verskaffer kry nie.

En word daar 'n uitbetaling gedoen voordat hierdie sertifikaat van aanname geteken is? – Nee. Al is hy geteken, ons kan dit nie deurstuur hoofkantoor toe nie.

Page 5 of [2005] JOL 13880 (SE)

Hof Net so 'n oomblik mnr Beckering. So u sê daar is geen uitbetaling voordat hierdie sertifikaat nie geteken is nie? – Nee, die sertifikaat kan geteken word maar ons kan nie uitbetaal alvorens ons die 'invoice' van die verskaffer kry met die bevestiging dat die goedere gelewer is nie. Dan gaan die 'invoice' saam met die kontrak hoofkantoor toe vir uitbetaling.

Mnr Beckering So as ek u reg verstaan sê u al twee moet geteken wees; die sertifikaat moet geteken wees en dan die ander goed gebeur. – Dis reg.

So as net die een gebeur dan word daar nie uitbetaal nie, maak nie saak wat gebeur nie? – As daar nie 'n sertifikaat geteken is nie dan kan ons in elk geval nie die kontrak stuur nie.

Dis heeltemal reg, dis soos ek dit verstaan.

Hof Maar u het ook vereis dat daar moet bewys wees van lewering. – Daar moet aflewering gedoen word van die goedere en daar word twee bevestigings gedoen, waarvan ek sal skakel en dan hoofkantoor ook weer.

Maar daar moet bewys wees dat die goed gelewer is voordat Sasfin sal betaal. – Want hulle gee die 'invoice'.

Ekskuus? – Volgens die 'invoice' van die verskaffer ja.

Ja. Maar dit is bewys van lewering. – Ja."

Die bank se saak is aangebied op geen dubbelsinnige wyse nie dat die betaling deur die bank aan DBS slegs sou plaasvind nadat lewering van die goed aan die skool geskied het. Die onderneming is deur Liza aan VW gegee dat dubbele bevestiging omtrent die lewering van die goed sal plaasvind voordat uitbetaling sal geskied. Sy het onderneem om self VW te skakel om lewering te bevestig. Verder sou daar ook

Page 6 of [2005] JOL 13880 (SE)

skakeling vanaf die bank se hoofkantoor in Johannesburg wees om verdere bevestiging van lewering te verkry.

Na afloop van die vergadering by die skool het Liza besluit, na 'n gesprek met Vlok, dat sy die kontrak saam met haar sou neem na George waar sy gesetel was. Op daardie stadium was die kontrak nog nie onderteken namens 'n gevolmatigde van die bank nie. Dit is die bank se saak, soos weergegee deur Liza, dat die kontrak nie voorgelê sou word aan die hoofkantoor van die bank vir ondertekening namens die bank, en daarmee gepaard vir uitbetaling aan DBS, voordat sy bevestiging gekry het dat die goedere aan die skool gelewer is nie. Volgens Liza het Vlok aangedui dat aflewering en installasie van die goed die volgende week sou begin. Sy stel dit ". . . – hulle gaan van Maandag – hierdie was 'n Vrydag – en hulle gaan Maandag se week begin installasie doen".

Gedurende die week, en waarskynlik op 19 Februarie, dit is die Maandag na ondertekening van die kontrak, het Vlok vir VW geskakel en hom versoek om die bank mee te deel dat die toerusting reeds afgelewer is ten einde betaling te bespoedig. VW was nie bereid om dit te doen nie.

Dit is gemeensaak dat daar later die week inderdaad van die toerusting by die skool afgelewer is. Volgens VW het dié plaasgevind op 23 Februarie. Dit was die bank se saak, en sterk tydens betoog beklemtoon namens die bank, dat die lewering van die goedere plaasgevind het op 22 Februarie en nie op 23 Februarie nie, soos wat VW getuig het. Die bank steun in hierdie verband op die getuienis van Liza. Sy het in hoof getuig dat die oggend van 22 Februarie Vlok haar geskakel het en haar

Page 7 of [2005] JOL 13880 (SE)

meegedeel het dat die goedere gelewer is en dat sy die skool kon skakel vir bevestiging. Liza se getuienis tydens kruisverhoor dui egter daarop dat sy uit dokumentasie 'n rekonstruksie maak omtrent die datum van 22 Februarie. Haar getuienis onder kruisverhoor lees soos volg:

"Hulle het vir my gesê op daardie vergadering, Maandag gaan installasie plaasvind, want ek *dink* hulle het my die 22ste daardie oggend gebel, Anton Vlok, om vir my te sê, opdrag, ek kan mnr von Wielligh 11h30 se kant skakel want dan is aflewering gedoen, wat ek gedoen het."

Dit blyk verder uit haar getuienis tydens kruisverhoor dat sy aanvaar dat die oproep gemaak is om aflewering te bevestig op 22 Februarie aangesien sy op daardie dag die kontrak opgestuur het Johannesburg toe (dit is nie in geskil geplaas nie) en omdat die tjek om DBS te betaal op 23 Februarie uitgemaak is. Die skool het egter die notule van 'n vergadering van die beheerliggaam van die skool wat gehou is om 6nm op 22 Februarie 2001 aan my voorgelê. Dit blyk uit hierdie notule dat onmiddellik nadat VW die vergadering met skriflesing en gebed geopen het die voorsitter, Vreij, almal welkom geheet het. Hy het daarop gerapporteer ". . . dat die kompersentrum nie so vlot verloop het soos verwag het nie. Kontrakte is geteken deur mnr Von Wielligh en mnr Vreij, nadat verskillende 'huise' genader is vir Finansiering. 30 Kompers sal DV Woensdag 28 deser afgelewer word" (*sic*). Die korrektheid van die notule, naamlik dat Vreij die mededeling aan die beheerliggaam gedoen het, is nie namens die bank aangeval nie. Daar is egter aan die hand gedoen dat VW, en daarom ook Vreij, die vergadering mislei het. Daar is aan hand gedoen dat ten spyte van die feit dat lewering die dag reeds plaasgevind het hierdie inligting van die vergadering

Page 8 of [2005] JOL 13880 (SE)

weerhou is. VW sou, volgens die argument, beïnvloed gewees het deur die poging van Vlok om hom sou ver te kry om die bank te bedrieg. Ek kan geen sin sien in so 'n argument nie. Dit maak net nie sin dat VW en Vreij die beheerliggaam wou bedrieg omdat Vlok wou gehad het VW moet die bank bedrieg nie. Die oprigting van die rekenaarsentrum was belangrik vir die skool. Van die ouers het reeds betaal. Hulle het ongeduldig begin raak omdat niks gekom het van die pogings om die sentrum op te rig nie. Dit blyk verder uit die notule dat mev Potgieter, verbonde aan die skool, ook op die vergadering van die beheerliggaam teenwoordig was. Indien daar bedrog gepleeg sou gewees het sou sy ook by die saak ingetrek moes wees. Die waarskynlikhede is oorweldigend in die guns van 'n bevinding dat daar inderdaad geen lewering plaasgevind het op 22 Februarie 2001 soos deur Liza getuig is nie. Die afleiding is derhalwe onvermydelik dat sy voortydig, voordat sy enige kennis gekry

het van enige lewering van die artikels, die kontrak opgestuur na die hoofkantoor van die bank. Hierdie optrede van Liza was in stryd met haar onderneming aan VW dat sy eers bevestiging van hom sou verkry voordat sy stappe sou neem wat sou uitloop op die betaling van die verskaffer.

Dit is 'n feit dat daar inderdaad begin is om van die goed te lewer op 23 Februarie 2001. Vlok het onverwags by die skool opgedaag met van die voorraad. Hy het VW, wat besig was met 'n klas, versoek om skoolseuns beskikbaar te stel wat kon help met die aflaai van die rekenaartoerusting. Dit is gemeensaak dat volledige lewering nie geskied het nie. Vlok het 30 sleutelborde, 30 muise en 30 monitors afgelewer. Dit is gemeensaak dat gedurende daardie oggend waarop die gedeeltelike lewering plaasgevind het Liza vir VW geskakel het. Sy getuig dat die oproep gemaak is na

Page 9 of [2005] JOL 13880 (SE)

aanleiding van 'n mededeling wat Vlok aan haar telefonies gemaak het. Liza se getuienis in hierdie verband is soos volg getranskribeer:

"Nou, weet u of daar toe inderdaad, soos wat in die vooruitsig gestel is op die 16de Februarie, lewering van die goedere of sommige daarvan, geskied het in die volgende week? – Nie tot Anton Vlok my geskakel het en vir my gesê het 'jy kan nou maar die skoolhoof bel want die goedere is afgelewer' nie.

Wanneer gebeur dit? – Ek het onthou die 22ste, die oggend, het Anton Vlok my gebel en in opdrag van die verskaffer gesê 'Liza jy kan maar die skool bel, die goedere is gelewer', wat ek toe gedoen het.

Hof Bel u toe die skool? – Ja.

Mnr Beckering Wat was die doel nou van die oproep? – Om te bevestig dat die goed wel gelewer is voor ek my dokument, die kontrak kan opstuur Johannesburg toe.

So al die dokumente sit nou nog by u? – Nie alles nie. Die 'invoice' moet nog kom en die bevestiging ja.

(Onduidelik) die mense die dokumente by u, die kontraktuele dokumente wat nou voltooi is en so aan, en as u nou die bevestiging kry telefonies (onduidelik). – Dis reg.

U bel die skool. Kan u onthou om en by watter tyd van die dag dit was? – Hy het spesifiek vir my gesê, mnr Anton Vlok, ek moet 11:30 se kant skakel want dan sal alles voltooi wees, en ek het nog 'n rukkie daarna eers gebel. Ek kan nie presies onthou nie.

En met wie praat u toe? – Met mnr Von Wielligh.

Page 10 of [2005] JOL 13880 (SE)

Kan u vir ons sê wat is die inhoud van julle gesprek? – Wel ek het (tussenbeide)

(Onduidelik) mnr Von Wielligh. – Ek het op die man af vir mnr Von Wielligh gevra of die goedere gelewer is en hy was baie omgekrap want hy het gesê gister was hy hoogs omgekrap, was daar nog niks nie en hy was baie ongelukkig, maar vandag is hy gelukkig en toe het ek hom bedank en ek het die kontrak oorgestuur Johannesburg toe.

Was daar, het hy vir u enige verduideliking gegee oor sy omgekraptheid en wat die oorsaak daarvan was? – Ja, dat van die goed nog nie afgelewer is nie.

Was dit net hy wat omgekrap was of was daar ander mense ook? – Wel ek het net met hom gepraat.

Het hy vir u gesê van ander mense, genoem van ander mense in sy gesprek? – Nee. Net van die ouers wat ook ongelukkig is want hulle moet betaal vir hierdie goedere.

Nou, na die gesprek met hom, sê u u stuur die goed Johannesburg toe. Was daar enige twyfel by u na hierdie gesprek oor wat hy aan u bevestig het? – Nee.

Hoe het u dit verstaan? – Dat die goed gelewer is en dat die kontrak nou kan aangaan Johannesburg toe vir uitbetaling."

Onder kruisverhoor het Liza soos volg getuig:

"En die inhoud van u gesprek met mnr Von Wielligh, onthou u dit baie goed? – Dit was op die man af ja. Ek het hom gegroet vir die dag en toe sê hy vir

Page 11 of [2005] JOL 13880 (SE)

my hy was gister vreeslik ongelukkig oor die goed wat nog nie daar was nie en ek het vir hom gevra 'is jy vandag gelukkig met die goed gelewer', en hy het gesê ja, vandag is hy gelukkig want die goed is gelewer. En so het ek hom bedank en aangegaan met my werk.

Het hy vir u gesê hy was ongelukkig omdat die goed nog nie gister gelewer was nie of omdat al die goed nog nie gister gelewer is nie? – Omdat van die goed nie gister gelewer was nie.

Met ander woorde daar het lewering op die 21ste begin geskied. – Blykbaar die Maandag moes lewering al begin het."

VW se getuienis was dat daar inderdaad 'n telefoonoproep van Liza gemaak is wat hy beantwoord het op 23 Februarie. Hy het getuig dat Liza bloot in 'n kort gesprek vir hom gevra het of hy gelukkig ("happy") was. Hy het inderdaad bevestig dat hy wel gelukkig was, want, getuig hy, 'n begin is gemaak om die goed waarop hy so lank gewag het af te lewer. Daar is geen twyfel in VW se gemoed dat hy nie volledige lewering aan Liza bevestig het nie. Dit blyk uit die getuienis dat VW inderdaad geweet het dat volledige lewering nie geskied het nie aangesien hy op 26 Februarie, die Maandag wat gevolg het op die Vrydag toe VW die gesprek met Liza gehad het, probeer het om Vlok in die hande te kry by DBS. Hy was duidelik begerig dat lewering voltooi moet word. VW het getuig dat hy kon sien die Vrydag in die rekenaarsentrum dat alles waarop ooreengekom is nie gelewer is nie. Die rekenaars self (die "torings") was nog nie daar nie. Met die oproep wat VW op 26 Februarie na DBS gemaak het is hy meegedeel dat Vlok nie meer daar werkzaam was nie.

Page 12 of [2005] JOL 13880 (SE)

Desperate pogings is daarna aangewend om met behulp van 'n ander verskaffer die voorraad te verkry asook om die kontraktuele verpligting teenoor die bank te kanselleer. Dit is nie nodig vir my om in detail daarna te verwys nie.

Ek het hierbo verwys na die onderneming wat VW aan Liza gegee het dat betaling nie sal geskied nie tensy dubbele bevestiging van lewering geskied. Die eerste bevestiging, volgens haar onderneming, moes teenoor haar geskied het. Die aangehaalde gedeeltes uit haar getuienis hierbo, wanneer dit vergelyk word met die getuienis van VW, dui duidelik daarop dat daar geen bevestiging van lewering deur VW aan Liza was nie. Die gesprek wat VW met Liza gehad het kan hoogstens 'n aanduiding wees van 'n beskrywing van VW se gemoedstoestand, omdat na heelwat gesloer uiteindelik begin is met die oprigting van die rekenaarsentrum. Die tweede bevestiging, volgens Liza, sou gemaak word vanaf Johannesburg vanaf die bank se hoofkantoor. Daar is 'n aantekening in die bank se dokumentasie dat ene Tania Fourie moontlik op 23 Februarie 2001 met die skool se boekhoudster, ene mev Potgieter, 'n telefoongesprek gevoer het. Dit is die bank se saak dat hierdie aantekening deur Tania Fourie, wat nie getuig het nie omdat sy nie opgespoor kan word nie, dui op die tweede bevestiging van lewering soos Liza onderneem het teenoor VW. Mev Potgieter het getuig en erken dat daar inderdaad 'n telefoongesprek met 'n werker van die bank plaasgevind het, maar sy ontken dat sy enigszins lewering teenoor die persoon bevestig het. Die telefoongesprek, volgens mev Potgieter, het bloot gegaan omtrent die versekering van die goed ter sprake. Ingevolge die ooreenkoms aangegaan tussen die skool en die bank moes die goed deur die skool verseker word. Die nota waarna verwys word, wat

gemaak is deur Tania, verskyn op bladsy 109 van die bank se dokumente, bewysstuk "A". Hierdie nota, wat volgens die

Page 13 of [2005] JOL 13880 (SE)

bank maak is deur Tania, lees bloot "confirmed 23/2/01 Mrs Potgieter". Dit verskyn op 'n dokument getiteld "Data and inspection sheet". Niks dui daarop dat hierdie nota beteken dat bevestiging van lewering geskied het deur mev Potgieter nie. Hierdie bladsy word gevolg deur bladsy 110, wat ook voltooi is deur Tania, waarin daar verwys is na die skool se makelaars en waarop die reeksnommers van artikels verskyn. Volgens mev Potgieter het sy bloot die naam van die versekeringsagent aan die bankampenaar verskaf. Mev Potgieter se getuienis is onbetwis en moet aanvaar word. Inderdaad word mev Potgieter se getuienis gestaaf wanneer bladsye 109 en 110 van die bank se dokumente saamgelees word. Bladsy 110, wat ook gedateer is 23 Februarie 2001, het duidelik te make met die versekering van die artikels. Teenoor mev Potgieter se getuienis is daar bloot spekulatiewe getuienis deur Liza en ene mev Andrews, verbonde aan die regsafdeling van die bank, wat getuienis gelewer het oor aantekeninge wat maak is deur ander bankampenare op dokumente in besit van die bank. Dit is gemeensaak dat op die stadium toe die kontrak onderteken is op 16 Februarie die aansoek om finansiering namens die skool geteken deur VW in besit van die bank was. Dit is vereis dat die skool aansoek doen om finansiering aangesien DBS weens slegte skuld nie vir die bank aanvaarbaar was nie. Ten spyte van die feit dat VW se naam op die dokumentasie verskyn het en daar verwag sou word dat hy, wat baie duidelik sterk betrokke was by die onderneming van die skool, genader sou word vir bevestiging van lewering, het nie een van die beamptes van die bank in die hoofkantoor in Johannesburg enige stap geneem om bevestiging van VW te verkry nie.

Page 14 of [2005] JOL 13880 (SE)

Die getuienis dui derhalwe oorweldigend daarop dat geen bevestiging van lewering van die goed aan die skool soos onderneem deur Liza namens die bank geskied het nie.

Op bladsy 102 van die bank se dokumente bewysstuk "A" verskyn 'n faktuur gedateer 16 Februarie 2001. Die bank het geen getuienis aangebied wanneer en op watter wyse hierdie faktuur in besit van die bank gekom het nie. Dit is gespekuleer dat dit deur DBS aan die bank gestuur is. Dit is baie duidelik nie deur òf Liza òf deur VW of die skool aan die bank gestuur nie. Watter rol hierdie faktuur gespeel het in die besluit van die bank om uiteindelik 'n uitbetaling aan DBS te doen is nie aan my verduidelik nie. Dit is gemeensaak dat 'n tjek gedateer 23 Februarie 2001 ten bedrae van R223 478,90 ten gunste van DBS op 24 Februarie 2001 vir betaling aangebied is, maar weens 'n vormvereiste wat nie nagekom is nie, nie gehonoreer is nie. 'n Tweede aanbieding van die tjek, nadat die fout reggestel is, op 27 Februarie was suksesvol en betaling aan DBS het geskied. Dit is gemeensaak dat die bank aksie ingestel het teen DBS en vonnis in sy guns verkry het. Ek is meegedeel dat die bank nie die vonnis kon verhaal nie aangesien DBS 'n leë dop is.

Die situasie waarin die bank nou sit kan in kort soos volg saamgevat word. 'n Ywerige agent, Liza, spring dringend aan die werk ten einde finansiering deur die bank vir die skool te reël. Die verskaffer van die goedere het 'n swak rekord en streng voorwaardes, waarop ek nie hoef in te gaan nie, word gestel voordat die bank besluit om die transaksie met die skool goed te keur. Die onderneming wat Liza gegee het aan die skool, naamlik dat bevestiging van lewering sou plaasvind, word nie onderhou

Page 15 of [2005] JOL 13880 (SE)

nie. Liza stuur die kontrak na die hoofkantoor van die bank voordat lewering begin het. Die bank betaal die verskaffer voordat lewering voltooi is.

Dit is op hierdie stadium gepas om na enkele bepalings in die huurooreenkoms tussen die bank en die skool te kyk. Dit is duidelik dat die kontrak beoog het dat die bank die toerusting betrokke aan die skool verhuur vir 'n huurperiode, onderhewig aan sekere bepalings. Ingevolge die ooreenkoms het die skool erken en gewaarborg dat die toerusting deur die bank op die versoek van die skool aangekoop is of aangekoop sal word met die doel om die goedere aan die skool te verhuur. Daar is 'n verdere uitdruklike bepaling wat verseker dat die bank die eienaar van die toerusting word en daarvan bly. Dit

word verder bepaal dat na afloop van die huurtermyn die goedere aan die bank teruggegee moet word, alhoewel dit skynbaar nie in die praktyk geskied nie. (So is getuig namens die bank.) Klousule 2.4 bepaal hoe die eiendomsreg in die goedere vanaf die verskaffer na die bank oorgaan. Dit lees soos volg:

"User [die skool] has no authority to order or purchase the goods on behalf of Hirer [die bank] or to act as an agent for Hirer, except that User shall be deemed to accept the goods on behalf of Hirer when the goods are delivered by the supplier to User and User acknowledges that the goods are delivered by the supplier thereof on behalf of Hirer."

Hierdie klousule bepaal dus duidelik dat lewering van die toerusting moet geskied en dat die skool die toerusting namens die bank moet ontvang. Lewering van die goed en ontvangs daarvan is 'n integrale deel van die kontrak. Sonder lewering kon die bank nie eienaar van die goed word nie. Dit is gemeensaak dat in die onderhawige

Page 16 of [2005] JOL 13880 (SE)

geval nie al die goed gelewer is nie. Die belangrikste komponente van die rekenaartoerusting is nie gelewer nie. Die skool kon dus dit nie ontvang het namens die bank nie, en die bank kon nie eienaar daarvan word nie.

Die bank het ter ondersteuning van die eis teen die skool baie sterk gesteun op die sogenaamde vensterklousule waarna ek reeds hierbo verwys het. Die klousule lees soos volg:

"Notwithstanding the provisions contained herein and overleaf, user [die skool] hereby acknowledges that no representations, undertakings or warranties, not specifically contained herein are binding on hirer [die bank], and that he/she/it was referred by the supplier of the goods to hirer and that hirer has purchased the goods from the supplier at user's special instance and request. User warrants that, immediately prior to the sale of the goods to hirer, the supplier was the owner of the goods and entitled to sell and pass ownership of the goods to hirer. User hereby indemnifies hirer against any claim that may be made against hirer and/or for any loss that hirer may sustain arising from any breach of any of the aforesaid warranties and/or the failure of the supplier of the goods to pass ownership herein to hirer and/or from any other loss which hirer may suffer in

Page 17 of [2005] JOL 13880 (SE)

relation to the goods of whatsoever nature and howsoever arising and whether or not user is at fault in relation thereto. Should the body of this agreement be cancelled, the rights afforded to hirer in terms of the framed clause and which had accrued before the cancellation of this agreement shall remain enforceable."

Die klousule moet saam met die ander terme en voorwaardes van die kontrak gelees word. Wanneer die kontrak in sy geheel gelees word kan daar geen sprake bestaan dat die bank geen verpligting het om toe te sien dat die toerusting aan die skool gelewer word nie. Die eerste sin in die vensterklousule bevat drie feitlike erkennings deur die skool. Die tweede sin bevat 'n waarborg dat die verskaffer die eienaar van die betrokke goed is en geregtig is om dit te verkoop. Ingevolge die derde sin vrywaar die skool die bank teen sekere eise wat ingestel kan word teen die bank of teen sekere verliese wat die bank mag ly. Een van die voorsienbare verliese volgens die klousule is 'n verlies wat gely mag word deur die bank weens die versuim van die verskaffer om eiendomsreg van die goed aan die bank oor te dra. Dit is geykte reg dat 'n uitsluitingsklousule in 'n kontrak eng geïnterpreteer moet word. Waar klousule 2.4 van die kontrak, hierbo aangehaal, uitdruklik voorsiening maak vir die lewering van die artikels aan die skool kan die bank hom nie op die uitsluitingsklousule beroep as daar nie 'n lewering van die goed plaasgevind het soos vereis deur die kontrak en in ooreenstemming met die ondernemings wat deur Liza gegee is nie. Die uitdruklike bewoording van die vensterklousule dui nie daarop dat die skool van 'n verweer ontnem word waar die toerusting nie ingevolge die ooreenkoms aan die skool

Page 18 of [2005] JOL 13880 (SE)

gelewer word nie. Die vrywaring vervat in die vensterklousule ten aansien van verlies wat gely is deur die bank weens die versuim van die verskaffer om eiendomsreg oor te dra aan die bank, moet derhalwe slegs slaan op die waarborg wat vervat is in die tweede sin van die vensterklousule, naamlik dat 'n waarborg gegee is dat die verskaffer die eienaar van die goed is en geregtig is om die goed te verkoop en eiendomsreg oor te dra. Dit is daarom dat die derde sin in die vensterklousule, wat die vrywaring verskaf, spesifiek verwys na waarborge wat gegee is.

Na my oordeel kan die bank se eis op die kontrak nie slaag nie. In sy besonderhede van vordering, paragraaf 5, beweer die bank dat hy sy verpligtinge ingevolge die ooreenkoms nagekom het. Dit is uitdruklik ontken deur die skool. Een van die verpligtinge van die bank ingevolge die ooreenkoms was om die goedere aan die skool te lewer. Dit is nie gedoen nie.

Die bank se alternatiewe se eis is gebaseer op 'n delik. Dit is gebaseer op skade wat die bank gely het as gevolg van 'n beweerde wanvoorstelling gemaak deur die skool waarop die bank tot sy nadeel gereageer het. Die eis is soos volg geformuleer in die bank se besonderhede van vordering:

- "6.2 Pursuant to entering into the written rental agreement, the defendant orally represented to the plaintiff that:
- 6.2.1 the goods had been delivered by the supplier to it;
- 6.2.2 the goods had been installed and were in a working order.

Page 19 of [2005] JOL 13880 (SE)

- 6.3 The plaintiff due to the aforesaid representation paid the purchase price in respect of the goods to the supplier.
- 6.4 The defendant knew or ought to have known that the plaintiff would act upon the assumption that the representation is factually correct.
- 6.5 The representation was material and was made with the intention of inducing the plaintiff to act hereon.
- 6.6 The plaintiff, relying on the truth thereof, duly paid the purchase price of the goods to the supplier.
- 6.7 The representation was false, in that:
- 6.7.1 all of the goods had not been delivered to the defendant by the supplier;
- 6.7.2 all of the goods had not been installed by the supplier at the premises of the defendant;
- 6.7.3 the goods were not in a working order."

Uit wat ek reeds hierbo gesê het is dit duidelik dat die bewerings gemaak in subparagrafe 6.7.1–6.7.3 gemeensaak is. Soos dit uiteengesit is in die bank se

Page 20 of [2005] JOL 13880 (SE)

verhoorbesonderhede maak die bank staat op twee beweerde voorstellinge. Die eerste was 'n voorstelling gemaak deur VW aan Liza en die tweede deur mev Potgieter namens die skool aan ene Tania Fourie verbonde aan die bank. Soos blyk uit my opsomming van die getuienis hierbo is die tweede voorstelling nie op die getuienis voor die hof deur die bank bewys nie. Die getuienis van Liza bewys in elk geval na my oordeel ook geen voorstelling dat die goed gelewer is, geïnstalleer is en in 'n werkende toestand was nie. Die getuienis dui bloot aan dat daar op 23 Februarie 2001 aan Liza gesê is deur VW dat hy gelukkig is omdat begin is om die goed te lewer. Daar is geen getuienis aangebied dat hy ooit beweer het dat die goed geïnstalleer is en in 'n werkende toestand is nie. Die getuienis dui in elk geval nie daarop dat die voorstelling gemaak is met die opset om die bank te beweeg om daarop te reageer nie. In ieder geval, dit blyk dat Liza reeds 'n dag voordat die beweerde voorstelling aan haar gemaak is die kontrak na die bank se hoofkantoor gestuur het vir nakoming van die bank se verpligtinge. Verder het die bank ook nie bewys dat daar 'n kontraktuele plig op die skool was om die bank van lewering in kennis te stel anders as uitdruklik in die kontrak gereël nie. In hierdie verband is klousule 2.4 waarna ek hierbo verwys het van toepassing. Die sertifikaat van aanvaarding beteken niks aangesien alle betrokkenes geweet het dat op die stadium toe VW dit onderteken het die goedere nie gelewer is nie. Dit blyk verder uit die getuienis dat op die stadium toe die beweerde voorstellings gemaak is aan die bank nog geen kontrak tussen die bank en die skool tot stand gekom het nie. Die kontrak het eers op 26 Februarie 2001 in werking getree toe 'n gevolmagtigde van die bank dit namens die bank onderteken het. Die voorstellings kon gevolglik nie geskied het nie soos beweer in die besonderhede van vordering naamlik "pursuant to entering into the written rental agreement . . .". Dit skyn asof die bank uiteindelik staat moet maak op 'n buite kontraktuele

Page 21 of [2005] JOL 13880 (SE)

wanvoorstelling. Dit moet aanvaar word dat daar 'n regsplig bestaan om korrekte inligting te verskaf waar partye in 'n kontraktuele verhouding teenoor mekaar staan sonder dat kontraktueel onderneem is om dit wel te doen. Dit blyk egter nie uit die bank se besonderhede van vordering dat so 'n regsplig beweer is nie. Na my oordeel het die bank ook nie 'n kousale verband tussen die voorstelling en die beweerde skade bewys nie. Dit is duidelik dat Liza gereageer het op wat Vlok aan haar sou gesê het. Dit het gelei tot 'n oproep wat sy gemaak het waartydens VW bloot aan haar gesê het dat hy gelukkig is met die verloop van sake. Dit is egter 'n feit, soos ek hierbo gemeld het, dat Liza reeds die kontrak op 22 Februarie aan die bank se hoofkantoor gestuur het terwyl haar gesprek met VW eers op 23 Februarie plaasgevind het. Na my oordeel het die bank nie die alternatiewe eisoorzaak bewys nie.

In die lig van my houding oor die meriete van die saak is dit nie nodig om aandag aan die spesiale pleite te gee nie.

Geen betoog is gelewer waarom koste nie die resultaat van die geding moet volg nie. Beide partye het van twee advokate gebruik gemaak, wat geregverdig is in die geval. Koste moet dus koste van twee advokate insluit.

Bygevolg word die eis afgewys met koste, insluitende koste van twee advokate.